# GESKIEDENIS

# Die reise van Dias en Da Gama

## Graad 6

Week 8: 12 Junie

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Eenheid 5: Die era van verkenning

Die era van verkenning of ontdekking was 'n periode wat gestrek het van die middel 15de eeu tot die 17de eeu. Gedurende hierdie tyd het Europeërs die oseane oorkruis om die wêreld te verken.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Weet jy wie is hierdie persoon?





Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# BARTHOLOMEUS DIAS

In 1487 het 'n ontdekkingsreisiger met die naam Bartholomeus Dias op 'n ekspedisie vertrek om die Suidpunt van Afrika te vind. Op daardie stadium het niemand geweet hoe ver suid die kontinent gestrek het nie.

Het jy al ooit die museum in Mosselbaai besoek?

Daar staan 'n replika van die karveel waarop Dias gevaar het.

Kyk bietjie na die video indien jy nog nie die karveel gesien het nie:

https://www.youtube.com/watch?v=bdCoSvexSu8

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# MEER INLIGTING OOR DIAS EN DIE KARVEEL:


Die karveel:

Dias het met 'n karveel, 'n Meditereense handelsvaartuig van die 14de tot die 17de eeu, die reis aangepak. Hierdie skip het driehoekige seile en twee maste gehad. Dit het 'n eenvoudig gekromde voorstewe en regaf agterstewe.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO




**SLEUTEL:**

1: Hoofmas
2: Ra-nok
3: Touwerk
4: Besaansmas
5: Kruisseil
6: Agterdek
7: Voorstewe /Boeg
8: Roer
9: Kiel
10: Dek
11: Dekopening/Luik
12: Kaapstaander
13: Stuurstok
14: Anker
15: Blinde ent
16: Ballasruimte
17: Agterstewe

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

## Belangrike en interessante feite oor die karveel:

Die skip se kombuis word 'n **galei** genoem.

Die **agterdek** is gebruik vir die hantering van toue en seile. Die sonwyser was op die dek en die kaptein het bevele van hier af na die stuurman en bemanning geskree.

Hulle het **kos gemaak** deur sand op 'n granietblad op die dek te maak. Daar is dan vuur gemaak op die sand. Hulle dieët het hoofsaaklik bestaan uit gesoute vis en vleis en beskuitjies. Water en wyn is spaarsamig gebruik.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Dias het Portugal in Augustus 1487 verlaat, met 'n bemanning van ongeveer 30 lede. Hy het in Februarie 1488 om die Suidelike punt van Afrika gevaar en by Mosselbaai anker gegooi.

Kyk na die onderstaande tydlyn. Dias se belangrikste mylpale word hieronder aangedui.

| | |
|---|---|
| 1450 | Dias word gebore. |
| 1481 | Dias is die bevelvoerder op 'n skip wat van Portugal gestuur is om die Goudkus van Wes-Afrika te verken. |
| Okt 1486 | Dias word gevra om 'n ekspedisie te lei en om die suidpunt van Afrika te seil. |
| Aug 1487 | Dias verlaat Portugal met twee gewapende karvele en een voorraadskip. |
| Sept 1487 | Dias stop by die Portugese fort aan die Goudkus om ekstra voorrade op te laai. |
| Des 1487 | Dias bereik Walvisbaai. |
| Jan 1488 | Dias seil onwetend deur 'n storm om die Kaap van Goeie Hoop, wat hy die Kaap van Storms doop. |
| Feb 1488 | Dias land by Mosselbaai en dan by Algoabaai. |
| Mrt 1488 | Dias gooi anker by Kwaaihoek en besluit om terug te keer huis toe. |
| Des 1488 | Dias keer terug na Portugal na 'n reis van ongeveer 16 maande. |

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Portugese ontdekkingsreisigers het sandpilare opgerig by plekke langs die Afrika-kus waar hulle gestop het.





Sandpilaar opgerig deur Dias by Kwaaihoek.

Sandpilaar opgerig om Da Gama se reis na Indië te gedenk.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dankie!

Jy het hierdie week se Geskiedenis voltooi.

Lekker naweek ☺

Laerskool Mikro Kopiereg ©